

## Handelinge 6

### Handelinge 6:1-15

1 En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. 2 En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. 3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; 4 maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

5 En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochië, 6 wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebed en hulle die hande opgelê. 7 En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof.

8 En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. 9 En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cirenéërs en Alexandryne, en van die mense van Cilícië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis. 10 Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gesprek het, nie weerstaan nie. 11 Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God. 12 En hulle het die volk en die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring. 13 En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plek en die wet nie. 14 Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander. 15 En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was.

### 1. Handelinge 6:1-7 – Die verkiesing van die sewe

**1 En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. 2 En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. 3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; 4 maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.**

**5 En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochië, 6 wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê. 7 En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof.**

### **1.1 Vrae by Handeling 6:1-7**

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1. Wie was die Griekssprekende Jode? (vers 1)</li><li>2. Watter dinge het aanleiding gegee tot die murmuring? (vers 1)</li></ol> |
|--|

Die **Griekssprekende Jode** is die Jode wat vir baie lank in die Diaspora geleef het. Die ballingskap waarin die Assiriërs die tien noordelike stamme – Israel – in weggevoer het en die ballingskap waarin die Babiloniërs vir Juda in weggevoer het, het tot 'n einde gekom. Onder Kores kon die Jode weer terugkeer na die beloofde land. Baie het teruggekeer, maar daar is ook baie Jode wat om verskeie redes nie na die beloofde land teruggekeer het nie.

Nadat die Persiese ryk deur Alexander die Grote tot niet gemaak is, het hy sy Hellenistiese ryk gevestig. Die Griekse kultuur en taal het die oorheersende kultuur en taal in die ou bekende wêreld geword. Waar daar dan Jode in die Diaspora gewoon het, het hulle ook die Griekse taal en kultuur aangeneem, alhoewel hulle godsdienstig Joods gebly het.

Gevollik het hierdie Jode nie meer 'n Semitiese taal – Hebreeus of Aramees – gepraat nie, maar Grieks wat die wêreldtaal was en die taal van die streek waar hulle woonagtig was. Hulle het die Skrif ook nie meer in Hebreeus kon lees nie, maar hulle Bybel was die Septuaginta – die Griekse vertaling van die Ou Testament. Sommige van hierdie Griekssprekende Jode het mettertyd hulle weg weer teruggevind na die beloofde land en sodoende het 'n klomp van hulle weer in Jerusalem gevestig geraak.

In Jerusalem was daar onderskeie sinagoges waar die Griekssprekende Jode en die Hebreërs afsonderlik vergader het. Die Hebreërs het die Griekssprekende Jode met agterdog bejeen omdat hulle die Griekse kultuur aangeneem het en nie eers meer Hebreeus of Aramees kon praat nie. Die Griekssprekende Jode het op hulle beurt weer die Hebreërs beskou as hoogmoedig.

Noudat die Heilige Gees Griekssprekende Jode en Hebreërs tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring het, is hulle saam vergader in een Christelike gemeente. Hierdie twee onderskeie groepe moet nou leer om met mekaar in die Here saam te lewe.

Die eerste ding wat in die teks genoem word wat tot die murmurering aanleiding gegee het, is **die vermeerdering** van die dissipels. Lukas het nou al opgehou om die getal van die nuwe bekeerlinge te noem. Hoe meer mense daar is, hoe moeiliker word dit om eenvoudige administratiewe take te verrig.

Die **taal** en **kultuur** verskille sou sekerlik ook bygedra het tot hierdie murmurering. Dit word uitdruklik genoem dat die Griekssprekendes gemurmureer het omdat hulle weduwees in die daaglikse voorsiening oor die hoof gesien is. Natuurlik kan daar 'n klomp rede genoem word waarom so iets kon gebeur het – byvoorbeeld, die Hebreërs was getalgewys by verre die meeste, daar was nie 'n doelbewuste ignorering van die Griekssprekendes nie, of wat ook al. Maar wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die gelowiges steeds sondaars is en die ou lewe van

vroeër is nog nie geheel en al afgesterf nie. Die gevoelens tussen die Hebreërs en die Griekssprekende gelowiges het nie eensklaps verdwyn omdat hulle in Jesus glo nie.

’n Derde saak wat aanleiding gegee het tot die murmurering blyk die feit te wees dat die **twalf apostels** steeds alles in die gemeente behartig het – hulle werk wat hulle van die Here ontvang het om die Woord te verkondig sowel as die gewoon administratiewe werk. In so ’n groot gemeente kan dit dan maklik gebeur dat iemand oor die hoof gesien kan word sonder dat dit die bedoeling was om dit te doen.

3. Waaroor was die apostels bekommerd? (vers 2)
4. Hoekom is daar net vir sewe manne gevra? (vers 3)
5. Aan watter vereistes moes hierdie sewe manne voldoen? (vers 3)
6. Op watter werk moet die apostels hulleself toespits? (vers 4)

Die Heilige Gees het die twaalf apostels dadelik die probleem laat raaksien toe die murmurering by hulle uitgekóm het. Daarom het hulle die menigte van die dissipels bymekaar geroep en die probleem aan hulle gestel. Die apostels was **bekommerd** dat hulle tyd nou te veel sal moet ingaan in die versorging van die tafels en dan kry hulle nie die geleentheid om die Woord van God te verkondig nie.

Dit was nie ’n kwessie dat die apostels nie die Griekssprekende weduwees wou versorg nie. Dit was ook nie ’n kwessie dat die apostels glad nie meer iets met die versorging van die weduwees in die algemeen te doen wou hê nie. Deur die verligting van die Heilige Gees het die apostels ingesien dat hulle deur die versorging van die tafels al minder tyd aan die roeping wat die Here op hulle gelê het bestee. Alhoewel die liggaamlike voedsel aandag kry, het die geestelike voedsel agterweë begin raak. Die twee sake staan tog nie teenoor mekaar nie en die een moet ook nie ten koste van die ander gedoen word nie. Die apostels is in besonder deur Jesus aangestel om getuies van die evangelie te wees.

Daar is nie duidelike Skrifgetuienis waarom die apostels vir net **sewe manne** gevra het nie. Een kommentator is van oordeel dat dit teruggaan op 'n Joodse tradisie waarvolgens sewe manne die openbare werk van 'n raad uitgevoer het. 'n Ander kommentator is weer van oordeel dat daar sewe gekies moes word sodat daar op elkeen van die sewe dae van die week iemand is wat die verantwoordelikheid het vir die versorging van die weduwees.

'n Ander moontlikheid is dat die apostels oorleg gepleeg het met die gemeente en na aanleiding van die omvang van die werk die voorstel gemaak het dat sewe manne genoegsaam sou wees om die werk tans te doen. Hierdie getal sewe kan nie as 'n voorskrif verstaan word nie.

Aan die gemeente het die apostels baie duidelik gemaak aan watter **vereistes** die manne moet voldoen wat uiteindelik gekies gaan word. Hulle moet manne van goeie getuienis wees. Onder die gelowiges self moet hierdie manne bekend wees as manne op wie daar staat gemaak kan word. Daar moenie oor hulle gewonder word nie. Later het Paulus in verband met die ouderlinge gesê dat hy selfs buite die gemeente iemand van goeie getuienis moet wees.

Verder moet hierdie manne ook bekend wees as manne wat vol is van die Heilige Gees. Hulle woorde en optrede moet daarvan getuig dat hulle hulle deur die Heilige Gees laat lei. Die werk wat aan hierdie manne toevertrou gaan word, is die versorging van die weduwees. Teenoor die bediening van die Woord en gebede is die versorging van die weduwees nie iets wat met eie krag en insig aangepak kan word nie. Ook daarin is die leiding van die Heilige Gees nodig soos by die bediening van die Woord en gebede. Die welwese van die gemeente wat Christus met sy kosbare bloed vir Hom gekry het, is op die spel. Daarby moet die manne bekend wees as manne wat met wysheid optree. Hier word dan bedoel wysheid van die Here sodat die Here se Naam verheerlik kan word en die welstand van die gemeente bevorder kan word.

Christus het die apostels in besonder aangestel om getuies van Hom te wees. Hulle verantwoordelikheid is dus om **die Woord** aan die gemeente en alle ander mense te bedien. Tog is dit interessant om op te merk dat Lukas die ander verantwoordelikheid – **die gebed** – eerste neerskryf. Calvyn het opgemerk dat predikers nie moet dink dat hulle al hulle werk gedoen het en niks verder hoef te doen as hulle die heeldag onderrig uit die Woord gegee het nie. Gebed was van die eerste oomblikke van die gemeente se bestaan saam met die leer van die apostels 'n uiters belangrike deel van die gemeente se lewe (Hand 2:42). God betrek immers die gebede van die gelowiges in sy regering van die ganse skepping.

7. Wat is opvallend aan die name van die sewe manne? (vers 5)

8. Hoe is die gemeente betrek by die verkiesing van die sewe manne? (vers 5-6)

Die voorstel van die apostels het byval gevind by die hele gemeente. Die menigte van die gelowiges was immers steeds oortuig dat die apostels deur die Heilige Gees gelei word in die verkondiging wat hulle doen sowel as in die leiding wat hulle in die gemeente gee. In die openbaringsgeskiedenis het die apostels immers 'n goeie voorbeeld gehad van die verdeling van pligte. In die dae van die uittoeg uit Egipte is daar sewentig leiers uit die volk gekies wat Moses bygestaan het in die hantering van regsake.

Wat opmerklik is aan **die name** van die sewe manne is dat dit almal name van Griekse afkoms is. Die eerste ses van hulle was almal Jode wat in die diaspora is of afkomstig uit die diaspora. Nikolaus is van heidense afkoms en was 'n proseliet – 'n heiden wat die Joodse geloof aangeneem het – en nou 'n Christen is.

Deurdat die gemeente spesifiek hierdie sewe manne gekies het, was 'n wyse besluit. Daarmee het hulle die agterdog en vooroordeel van vroeër uit die weggeruim. Die kerk word nie deur die Hebreërs beheer nie. Die kerk staan onder die heerskappy van Jesus Christus wat met sy Gees en Woord die kerk regeer en lei.

Lukas gee meer inligting oor Stefanus en Nikolaus. Die rede hiervoor is die volgende. Stefanus en later ook Filippus wat tweede genoem word, word deur die

Here gebruik om meer as net die versorging van die weduwees te doen. Stefanus word deur die Here gebruik as 'n apologet van die geloof in Jesus Christus. Hy is ook die eerste martelaar in die kerk. Filippus word nadat die vervolging van die kerk in Jerusalem uitgebreek het, deur die Here as 'n evangelis ingespan. Afgesien dat Nikolaus 'n proseliet was, noem Lukas ook dat hy van Antiochië afkomstig is. Ons kan hier aanneem dat dit Antiochië in Sirië is. Hier het later 'n gemeente van die Here tot stand gekom en dit is hierdie gemeente wat op bevel van die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis uitgestuur het.

Daar is reeds opgemerk dat die Hebreërs nie die beheer in die gemeente uitgeoefen het nie. Die apostels was ook nie heersers in die gemeente nie. Hulle het wel van die klagte van die Griekssprekende gelowiges gehoor en gelei deur die Gees en Woord van die Here 'n voorstel aan die gemeente gemaak. Die gemeente was tevrede met die voorstel wat die apostels gemaak het.

Die gemeente het daarom self die sewe manne gekies wat aan die vereistes voldoen het soos die apostels gestel het en hulle voor die apostels gebring. Die apostels het die manne wat deur die gemeente gekies is goedgekeur en hulle in die diens aangestel. Die gemeente was dus voluit **betrokke** by die verkiesing van die sewe manne. Die Heilige Gees het immers ook die gemeente gelei om te onderskei watter manne sal geskik wees vir die werk.

9. Hoekom is die manne die hande opgelê? (vers 6)

10. Watter gevolge was daar met hierdie nuwe reëling in die gemeente? (vers 7)

In die Bybel het die handeling van hande oplê verskeie betekenisse. Dit kon die uitdrukking wees van seën (Gen 48:13); 'n wyse om met 'n persoon te identifiseer (Lev 1:4; 3:2); 'n wyse om 'n opvolger aan te dui (Num 27:23); om aan te toon dat iemand gesag ontvang (Hand 8:17-19; 9:17; 13:3; 19:6; 1 Tim 4:14; 5:22; Heb 6:2); of om iemand vir 'n taak aan te stel soos hier (vgl. Hand 13:1-3). Dit blyk dat die hande oplê in hierdie geval deel gevorm het van die **afbid van die seën** van die Here op hierdie manne.

Die ontevredenheid wat in die gemeente geheers het van die Griekssprekendes se kant af, sou op 'n skeuring in die gemeente kon uitloop indien die apostels nie aandag daaraan geskenk het nie. Hierdie sewe manne het dus 'n belangrike funksie vervul om enige onmin oor 'n eenvoudige ding soos die versorging van weduwees uit die weg te ruim. Die duiwel is juis daarop uit om onmin tussen gelowiges te gebruik om die kerk onaansienlik te maak in die wêreld.

Lukas noem drie gevolge waaraan hierdie nuwe reëling in die gemeente meegehelp het. **Die woord van God het toegeneem** – die apostels kon hulle tyd toespits op die verkondiging van die Woord waarvoor die Here hulle in besonder aangestel het. Deur hulle toegespitste werk kon soveel meer mense die evangelie van Christus hoor terwyl die versorging van die weduwees nou deur bekwame manne behartig word.

**Die getal van die dissipels in Jerusalem het baie vermeerder** – is die direkte gevolg van die apostels se toegespitste werk. En daarmee saam volg die derde – 'n **groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof**. Selfs uit die geledere van die priesters het die Heilige Gees mense gelowig gemaak in Jesus Christus.

## **1.2 Samevatting**

Die duiwel het sy derde poging en manier aangewend om die kerk van Jesus Christus ten gronde te rig. Hy het begin met die Joodse owerheid wat die apostels verbied het om in die Naam van Jesus se te spreek of te leer en die vervolging van die apostels (Hand 4:18; 5:17-42). Sy tweede taktiek was om die huigelary van Ananias en Safirra te gebruik om die gemeente ongeloofwaardig te maak (Hand 5:1-11). Hier is sy derde taktiek om onmin tussen die gelowiges te veroorsaak sowel as om die apostels se aandag van hulle eintlike roeping af te lei.

Met die eerste twee maniere het die Heilige Gees die apostels kragtig gelei om te bly by die roeping wat die Here aan hulle gegee het. Hulle het met vrymoedigheid die Woord van die Here verkondig. Hulle het met die skerpte van die Here se Woord die



sonde van huigelary veroordeel. By die derde poging van die duiwel het die Heilige Gees dit aan die apostels en die gemeente duidelik gemaak dat daar verskillende bedienings in die gemeente is. Die apostels se bediening is die verkondiging van die Woord en gebede en daaraan moet hulle hulleself geheel en al toewy. Die ander bediening – soos die bediening van die tafels – was nie minder belangrik nie. Daarom moes daar manne gevind word wat vol is van die Heilige Gees om hierdie belangrike werk in die gemeente uit te voer.

Onder leiding van die Heilige Gees het die onderskeie bedienings in die gemeente begin. Hierdie toedrag van sake het goeie resultate opgelewer. Die Woord van die Here het versprei, die getal van die dissipels het toegeneem en 'n aantal priesters het ook tot bekering gekom.

## **2. Handeling 6:8-15**

**8 En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. 9 En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cirenéërs en Alexandryne, en van die mense van Cilícië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis. 10 Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie. 11 Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God.**

**12 En hulle het die volk en die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring. 13 En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plek en die wet nie. 14 Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander. 15 En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was.**

### **2.1 Vrae by Handeling 6:8-15**

1. Watter eienskappe van Stefanus word deur Lukas beklemtoon? (vers 8 en 10)
--

2. Watter verskil word opgemerk aangaande die doen van wonders en tekens?  
(vers 8)

Toe die apostels aan die gemeente gesê het om sewe manne te kies wat die tafels kan bedien, het hulle duidelik gemaak oor watter eienskappe hierdie manne moet beskik. Hulle moes manne wees **van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid** (Hand 6:3). Lukas het by die noem van die sewe manne aangaande Stefanus dit duidelik gestel dat hy 'n **man vol van geloof en van die Heilige Gees** is (Hand 6:5).

Wanneer Lukas voortgaan om te berig hoe die Here Jesus vir Stefanus gebruik het, beklemtoon hy dat Stefanus **vol van geloof en krag** is en dat hy **wysheid en die Heilige Gees** het. Die woord wat hier met *geloof* vertaal is, kan eerder met *genade* vertaal word. Dit is nie dieselfde Griekse woord wat in vers 5 gebruik is nie. Wanneer 'n mens dan hoor dat Stefanus vol van genade was, herinner die Heilige Gees 'n mens ook aan wat Johannes aangaande Jesus geskryf het. Hy het geskryf Jesus is vol van genade en waarheid (Joh 1:14). En hoor 'n mens dan in hierdie gedeelte wat die Jode met Stefanus gedoen het – die valse aanklagte en die leuens waarmee hulle hom veroordeel wou kry – dit is dieselfde dinge wat die Jode met Jesus gedoen het – dan beklemtoon Lukas in werklikheid hoe die Heilige Gees die beeld van Christus al in Stefanus herstel het. Met Stefanus het gebeur wat Paulus later van homself geskryf het – dit is nie meer Stefanus wat leef nie, maar Christus wat in Stefanus leef (vgl. Gal 2:20).

Stefanus het deur die werking van die Heilige Gees begrip van die genade van God gehad, hy het 'n vaste geloof in Jesus Christus gehad, hy het die Woord van God met krag verkondig in lewe en in woorde soos wat daar van die apostels gesê is (Hand 4:33) en hy het wysheid gehad. Stefanus was geheel en al onder die beheer van die Heilige Gees.

Tot dusver het Lukas berig dat nog net die apostels **wonders en tekens** gedoen het. Dit is die eerste keer dat daar gesê word dat iemand anders as die apostels wonders

en tekens doen. Met hierdie verskil moet daar verstaan word dat die wonders en tekens in werklikheid nog altyd Jesus Christus se werk is, soos wat die gelowiges in gebed van God gesmeek het (Hand 4:30). Die wonders en tekens moet daarom nie aan mense verbind word nie. Die Here kan enige instrument gebruik deur wie Hy die wonders en tekens wil laat plaasvind. Die tydsvorm van die werkwoord *doen* in die Grieks dui daarop dat die Here gereeld wonders en tekens deur Stefanus gedoen het.

3. Wie of wat is die sinagoge van die Libertyne? (vers 9)
4. Wat is opmerklik aan die plekke waar hierdie redetwisters vandaan is? (vers 9)
5. Waaroor sou hulle met Stefanus geredetwis het? (vers 9)

Die algemene siening onder die kommentare is dat die sinagoge van die **Libertyne** 'n sinagoge was waarin die Jode wat vroeër Romeinse gevangenes was vergader het. Volgens die Talmud was daar drie honderd en negentig sinagoges voor 70 nC. Hierdie sinagoges was soos verskillende plaaslike gemeentes in een stad. Elke sinagoge – so blyk dit – het mense van dieselfde agtergrond en ingesteldheid gehuisves. Een van hierdie sinagoges was dan oor die algemeen 'n sinagoge van mense wat vroeër gevangenes was van die Romeine en vrygelaat is en waarskynlik hulle nageslagte.

Die plekke waarvandaan hierdie Jode was, is Cirenïë en Alexandrië in Noord-Afrika, van Cilicië en Asië. Cilicië is die streek waarvan Paulus ook afkomstig is – Tarsus is in Cilicië geleë. Alhoewel Lukas dit nie uitdruklik sê nie, bestaan die moontlikheid dat Paulus ook teenwoordig kon wees. Hierdie Jode was dus Jode wat uit die diaspora gekom het en na alle waarskynlikheid ook Hellenistiese Jode was – dit is **Griekssprekende Jode**. Stefanus was self ook 'n Griekssprekende Jood en hy was seker ook deel van hierdie sinagoge van die Libertyne voordat hy tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom het.

Tot dusver het Lukas verhaal dat die apostels en die ander gelowiges in die tempel en van huis tot huis vergader het waar hulle die evangelie van Jesus Christus

verkondig het. Die apostels het nog gereeld na die tempel gegaan om daar te aanbid en getuies van Jesus te wees, aangesien hulle van buite Jerusalem gekom het en nie tot een van die sinagoges behoort het nie. Stefanus as Griekssprekende Jood en inwoner van Jerusalem was waarskynlik deel van die sinagoge van die Libertyne.

Omdat hy vol van die geloof in Jesus Christus was en vol van die Heilige Gees het hy by geleentheid teruggegaan na die sinagoge waarvan hy vroeër deel was. Soos die apostels in die tempel getuies van Jesus Christus was, was hy 'n getuie van Jesus Christus in die sinagoge of ten minste 'n getuie van Jesus Christus aan die mense wat hy baie goed geken het.

Dit wil dan voorkom dat Stefanus se **getuienis aangaande Jesus** aanleiding gegee het tot die redetwis wat die Griekssprekende Jode van hierdie sinagoge met hom aangeknoop het (vgl. Hand 6:11, 14). Dit was soortgelyke aanklagte wat die Jode teen Jesus ook ingebring het in sy verhoor voor die Joodse Raad.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>6. Waarom kon die Jode Stefanus se getuienis nie weerstaan nie? (vers 10)</li><li>7. Van watter soort taktiek maak die Jode teen Stefanus gebruik? (vers 11)</li><li>8. Hoe sou Lukas van hierdie opstokery te wete gekom het? (vers 11)</li></ol> |
|--|

Daar is geen getuienis uit die Skrif om te dink dat Stefanus 'n geleerde man was nie. Die enigste afleiding wat 'n mens kan maak in verband met sy Skrif kennis is die feit dat hy vroeër in die sinagoge onderrig ontvang het. Die wysheid waarmee Stefanus getuienis gegee het van Jesus Christus kan alleenlik aan **die werk van die Heilige Gees** toegeskryf word. Lukas het nou al meer as een keer geskryf dat Stefanus vol geloof en vol van die Heilige Gees was. Menslike argumente en menslike verstaan van die Skrif kan nie stand hou teen die waarheid van die Here nie waarmee die Heilige Gees vir Stefanus gelei het.

Aangesien die teenstanders nie in staat was om Stefanus se argumente vanuit die Skrif te weerlê nie – hulle tree immers teen die wysheid van die Heilige Gees op – het hulle hulleself gewend tot **opstokery en leuens**.

Tot dusver het Lukas berig dat die gelowiges in guns was by die volk (Hand 2:47; 4:21; 5:26), daarom het die Joodse Raad en die amptenare nie gewaag het om openlik iets teen die gelowiges te doen nie. Nou het die Jode van die sinagoge begin met 'n opstokery teen Stefanus. Hierdie Jode was deel van die volk en nie die amptenary nie. Met opstokery en leuens is daar begin om die volk se gesindheid teenoor die gelowiges te beïnvloed.

Hierdie taktiek was vroeër suksesvol teen Jesus. Baie van die Jode wat Jesus met lofliedere en gejubel verwelkom het in Jerusalem aan die begin van die week van die kruisiging het op die Vrydag luid uitgeskreeu dat Jesus gekruisig moet word (Luk 19:35-40; 23:18-23). Die populêre gevoel van mense moet nie die getuienis van die kerk beïnvloed nie. Die kerk se getuienis moet vasstaan op die waarheid van die Woord.

Soos met die geslote vergaderings van die Joodse Raad in Handeling 4 en 5 was Lukas ook nie self teenwoordig in hierdie sinagoge nie. Maar priesters wat gelowige geword het of selfs Josef van Arimatea en Nikodemus kon later aan die gelowiges of aan Lukas self berig gebring het van die samesprekings in die Joodse Raad. In die geval van die opstokery in die sinagoge kon dit **moontlik Paulus** self wees wat aan Lukas van die heimlike planne vertel het.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>9. Waar het hierdie beweging teen Stefanus plaasgevind? (vers 12)</li><li>10. Wie het al die mense in beweging gebring teen Stefanus? (vers 12)</li><li>11. Waarom het hulle hierdie valse klagtes teen Stefanus gemaak? (vers 11, 13, 14)</li><li>12. Wat is die jongste taktiek van die teëstanders teen die kerk? (vers 12)</li></ol> |
|--|

Lukas het nie berig waar hierdie konfrontasie van die Jode van die sinagoge en die Jode uit die diaspora teen Stefanus plaasgevind het nie. Hy het alleenlik berig wie

die Jode was wat in 'n redetwis met Stefanus betrokke geraak het. Hierdie konfrontasie kon dus **op enige plek in Jerusalem** plaasgevind het.

Toe die Jode van die sinagoge van die Libertyne en die ander Jode uit die diaspora nie Stefanus se argumente kon weerlê nie, het hulle manne opgestook om te sê dat Stefanus lasterlike dinge spreek. Dit blyk dat **hierdie groepie manne** die volk, die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring het om Stefanus voor die gereg – die Joodse Raad – te sleep. Die taktiek om 'n klein groepie mense te gebruik om die hele volk op te sweep het met Jesus gewerk en nou word dit ook teen Stefanus aangewend.

Die valse klagtes wat hulle teen Stefanus ingebring het, is die volgende: **Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God** (Hand 6:11); **Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plek en die wet nie** (Hand 6:13) en **Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander** (Hand 6:14). Dit is egter te betwyfel of Stefanus presies hierdie woorde in sy verkondiging sou gesê het. In die voetspore van die apostels en omdat hy vol van die Heilige Gees was, sou hy Jesus Christus verkondig het – sy dood en sy opstanding en dat daar buite Christus geen redding is nie. Die Jode se **onwilligheid** om hulle aan die Here Jesus te onderwerp en hulle **onvermoë** om die verkondiging van Stefanus te weerlê, het daartoe aanleiding gegee dat hulle hierdie valse klagtes teen hom gefabriseer het.

Hierdie aanklagte het vroeër teen Jesus gewerk (Matt 26:59-61) daarom word dit ook nou teen Stefanus gebruik. En dit het gewerk, want die volk, die ouderlinge en die skrifgeleerdes het in beweging gekom en Stefanus gegryp en voor die Joodse Raad gebring.

Tot dusver het die Joodse owerheid hulle visier op die apostels ingestel gehad. Die vorige twee kere (Hand 4 en 5) was dit die apostels wat gevange geneem is en voor die Joodse Raad gebring is. Nou is Stefanus – **een van die lidmate** in die gemeente – gearresteer. Elkeen wat in Jesus Christus glo en openlik van Hom

getuig, sal 'n teiken word vir die vervolgers en haters van Jesus Christus. Met hierdie taktiek probeer die duiwel op 'n ander manier om verdeeldheid in die gemeente te veroorsaak, soos wat dit gebeur het toe Moses die eerste keer die farao gesê het om die volk te laat trek. Moses het nie die skerp punt van die farao se woede beleef nie, maar die volk en hulle wou hulle teen Moses verset.

### 13. Hoe sou Stefanus se gesig gelyk het? (vers 15)

Lukas berig dat Stefanus se gesig gelyk het **soos die gesig van 'n engel**. Sy gesig het gelyk soos iemand wat volkome vrede en vertroue het en geweet het dat hy ten volle op God kan vertrou. Sy gesig het geen vrees getoon nie, want hy was oortuig dat sy lewe volkome veilig is in God se hande.

Hierdie beskrywing van Stefanus se gesig herinner aan hoe Moses se gesig gestraal het toe hy van die berg Sinai afgekom het (Eks 34:29, 35). Met so 'n vergelyking laat die Here toe dat die Joodse Raad hulle sondes nog voller kan maak. Hulle wat skrifgeleerdes is, moes sekerlik van Moses se gesig onthou het. Hier staan Stefanus nou voor hulle en sy gesig herinner hulle aan Moses se gesig en tog steur hulle hulleself aan valse aanklagte dat Stefanus teen Moses sou spreek. Moses het nie self sy gesig laat straal nie, maar was die gevolg dat hy in die heilige teenwoordigheid van God was. Stefanus sou ook nie self sy gesig so kon laat lyk het nie.

Daarby laat die Here nog 'n keer neerskryf aangaande 'n engel. Die meerderheid van die Joodse Raad wat Sadduseërs was, het nie in die bestaan van engele geglo nie. Maar die Here het 'n engel gestuur om die apostels uit die gevangenis los te laat (Hand 5:19) en hier laat Hy Stefanus se gesig lyk soos die van 'n engel.

## 2.2 Samevatting

Met die bekendstelling van Stefanus as verkondiger wys die Heilige Gees ons daarop dat die evangelie deur alle Christene aan die wêreld gebring moet word.

Sover bekend is Stefanus nie opgelei om te preek nie, maar omdat hy die Heilige Gees en die geloof in Christus ontvang het, is hy 'n getuie van Jesus.

Die Here het Stefanus as getuie aangewend tussen die mense aan wie hy bekend was – die Jode uit die diaspora. Onder hierdie Jode word Paulus – wat later 'n instrument van die Here sal word – skrams weg bekend gestel met die verwysing na Cilicië vanwaar hy afkomstig is.

Aanvanklik het die hoorders nog teologiese gesprekke met Stefanus gehad, maar hulle was nie opgewasse teen die wysheid en die Gees waarmee hy gepraat het nie. Daarop het hulle tot moddergooiery gewend. Hulle het valse beskuldigings teen Stefanus geslinger. Hierdie valse beskuldigings lei tot die geweld waarmee hulle Stefanus voor die Joodse Raad bring.

Stefanus het in sy verkondiging Christus alleen verkondig en daar is so 'n duidelike ooreenkoms tussen sy verkondiging en Jesus se verkondiging dat die teenstanders presies dieselfde vals aanklagte teen hom gebruik as wat hulle teen Jesus gebruik het. Stefanus het reg gehandel en gehou by die verkondiging. Die Here het self sy goedkeuring vir Stefanus se verkondiging gegee deur met hom te laat gebeur wat met Moses gebeur het nadat hy die Tien Gebooië ontvang het – sy gesig het gestraal soos die van 'n engel.